**Belydenisaflegging 2025 Inligtingsbrief**

Belydenisaflegging is vir mense wat tot die geloofsoortuiging gekom het om ŉ lidmaat van die liggaam van Christus, die kerk, te word. Vir die jongmense van ons kerk het die jare se kategese hul voorberei om hierdie stap te kan neem. Die wat reeds as kinders gedoop is, is wel dooplidmate, maar dit beteken dat hulle ouers tot dusvêr die verantwoordelikheid geneem het om hulle van die Here te leer en deel te maak van die kerk. Vir die wat nog nie gedoop is nie, geskied die doop op dieselfde dag as belydenisaflegging. Dit dien as die merkteken dat Christus ook alles aan daardie persoon skenk wat deur sy lewe, sterwe en opstanding vir ons bewerk is. By belydenisaflegging antwoord die individu egter op hierdie genade in sy/haar lewe deur nou self die verantwoordelikheid van lidmaatskap op te neem. Dit behels ŉ openbare belydenis van geloof en die aflê van beloftes voor die Here en die gemeente.

Hier is die vrae waarop die kandidaat by belydenisaflegging antwoord:

- Glo julle dat die leer soos in die Ou en Nuwe Testament en in die belydenisskrifte van ons kerk vervat is en in die gemeente hier geleer word, die ware en volkome leer van die verlossing is?
- Beloof jy om as lidmaat van die gemeente van Christus deur sy genade in die belydenis van dié leer tot die einde van jou lewe te volhard, en alle leringe wat daarvan afwyk, te verwerp?
- Bely jy dat die Here Jesus Christus jou persoonlike Verlosser is en dat jy Hom liefhet? Beloof jy om Hom te dien, sy Naam getrou te bely voor die mense en om aktief aan die werksaamhede van die kerk deel te neem?
- Aanvaar jy dat jou medegelowiges die verantwoordelikheid het om jou te help om op die regte pad te bly?

**Datums:** In 2025 is 13 April en 21 September twee moontlike datums vir Belydenisaflegging.

**Proses:** Om belydenis af te lê moet kandidate verkieslik voor einde Januarie ŉ brief skryf aan die Kerkraad waarin hulle motiveer waarom hulle graag belydenis wil aflê. Daarna sal ŉ persoonlike onderhoud deur die predikant en ŉ ouderling met die kandidaat gevoer word. Indien die kandidaat pas klaargemaak het met Graad 11 kategese sal sy/haar

ouers/voogde ook deel wees van die gesprek. Die onderhoud sal bepaal of die kandidaat gereed is i.t.v. kennis, ervaring en geloofsekerheid. Op grond van die onderhoud sal bepaal word watter verdere voorbereidings (indien enige) nodig is om gereed te wees vir die openbare belydenisaflegging. Kandidate wat bv. nie deur kategese gegaan het nie en kennis of ervaring kortkom, sal ŉ kursus kan loop en ook geleentheid gegee word om eredienste by te woon en deel te neem aan die gemeente se aktiwiteite sodat hul voorbereid kan wees vir die vrae.

**Motivering:**
Belydenisaflegging is nie iets wat ŉ mens oorhaastig of om die verkeerde redes moet doen nie. Ons lê bv. nie belydenis af net omdat ons klaar is met Graad 11, of omdat ons vriende dit doen of ons familie voel ons moet nie. Elke kandidaat moet vanuit persoonlike geloofsoortuiging ŉ keuse maak wat hul met vrymoedigheid kan uitleef. Daarom maak ons erns met hierdie groot besluit en moedig elke kandidaat aan om ook erns te maak met die betekenis en implikasies van so ŉ geloofstap.